

Hoe pas ons in?

1 Petrus 1v22 – 2v8b

Inleiding

- Ons praat vandag oor inpas.
 - Dis nogal belangrik want as jy nie inpas nie is die lewe moeilik en as jy inpas is dit makliker.
 - Ons almal het dit al in die lewe geleer.
- Ons het verlede week gesien dat
 - dit baie normaal is dat jy as Christen voel dat jy nie lekker in Vanderbijl inpas nie.
 - En dis omdat jy spesiaal gekies is...
 - Om God se koninkryk vir jou omgewing te bring deur die evangelie.
 - Jy hoort dus waar jy nie inpas nie sodat die evangelie kan inpas.
- Maar wat van Christene by mekaar?
 - Hulle behoort dan mos nie te sukkel om by mekaar in te pas nie, of hoe?
 - Dit laat mens dink aan die grappie:
 - Twee Christene het alleen uitgespoel op 'n eiland en 25 jaar daar gebly. Toe 'n skip per ongeluk daar verbykom en hulle toe red, vra die kaptein van die skip: “Watter vier geboue is dit daardie?” en die een man antwoord toe: “Die een is my huis en die ander een die ander ou se huis en die een gebou is my kerk en die ander een is sy kerk.”

- Christene is ook maar net 'n klomp simpel mense bymekaar
 - en jy weet dit vir 'n feit as jy al gehoor het van die pynlike goed wat Christene mekaar partykeer aandoen:
 - in 'n kerk, in 'n familie, in 'n gesin, selfs tussen 'n getroude man en vrou.
 - Dalk het jy nie net al daarvan gehoor nie, dalk het jy dit al gevoel... of self gedoen?
- Hoe pas Dissipels van Jesus by mekaar in?

[Lees teks]

- Drie opdragte word vir Christene gegee om bymekaar in te pas:
 - Onthou die saad, [1:23]
 - drink die melk [2:3]
 - gaan na die steen toe [2:4]

Kom ons ontdek hulle elkeen.

Onthou die saad

- Die eerste ding wat Christene moet onthou sodat hulle by mekaar sal kan inpas is die saad.
- 1:22-25 kom hierop neer:
 - Julle moet mekaar liefhê want julle is weer gebore uit dieselfde onverganklike saad
 - en hierdie saad is die evangelie.

- Saad is die begin van 'n ding.
 - Geen saad... geen plantjie.
 - Saad moet gesaai word voordat dit kan ontkiem en begin groei
 - en as die saad uit dieselfde pakkie kom gaan dieselfde ding groei

- God het in my hart begin wat hy ook begin het in die 'simpel' Christen langs my se hart met wie ek nie regkom nie.
 - Net so veel as wat ek na die Christen langs my kyk en dink:
 - "Siestog, nog so baie ruimte vir groei"
 - het God na my gekyk en ook gereken iets anders moet in my kom groei.
 - Daar moes maar in ons al twee iets geplant word vir nuwe lewe om te kom.
 - Hier word gepraat van 'n nuwe geboorte

- Hierdie 'iets' is die evangelie:
 - die boodskap dat God sy lewendige Seun gee sodat dooie mense kan begin lewe.
 - En ons altwee gryp hierna,
 - Ons altwee het erken ons is dood sonder Hom
 - – dis erger as om net te erken ek is simpel
 - Jy wens soms die ander ou kan besef hoe simpel hy of sy is
 - Maar as hulle 'n dissipel van Jesus is, het hy of sy dus wel al 'n keer in die spieël gekyk en besef
 - ek is simpel
 - meer nog... ek is dood sonder die lewe van God

- Ek en die ou 'simpel' langs my – is dus nie so verskillend nie.
 - omdat ons altwee daai slegte mense is wat geweet het dat ons sonder soveel goedheid van God... in ons kanon in sou wees.
- Maak dit nou skielik dat die ander ou nou maar reg is...
 - Ek moet eenvoudig my mond hou... nee.
 - Maar dit maak dat ons anders met mekaar maak in ons geskukkel met mekaar se 'simpelheid'
- As ons hierdie gelykmakende evangelie vergeet
 - dan begin ons met mekaar "Bold and the Beautiful speletjies speel
 - speletjies wat nie lewe bring nie maar dood
 - soos verdroogde gras en die afval van 'n blom
 - ...terwyl ons probeer oorleef.
 - Hfstk 2:1 beskryf hoe die verdroging en afval lyk:
 - Allerhande slegte gedrag
 - Bedrieg mekaar
 - Mislei mekaar
 - Jaloers op mekaar
 - Beskinder mekaar
- Maar as jy
 - Regtig die saad van die evangelie onthou waaruit julle al twee gebore is,
 - en dat dit ewe nodig was,
 - dan verander jou houding en hou die goeters op wat in 2:1 genoem word,
- Onthou jy die saad?

- Onthou die saad!
- Maar dis nog net die begin...

Drink die melk

- Fokus dan saam op julle groei, en daarom die volgende saak:
 - drink dan die melk!

Letterlik staan daar in 2:2: *“en smag soos pasgebore babatjies na suiwer melk van die Woord, sodat julle tot volwassenheid kan groei in julle redding”*

- Van saad en wedergeboorte in die vorige verse
 - nou by babatjies wat saam moet groei deur melk.
- ‘n Pasgebore babatjie het niks anders nodig as sy ma se melk nie.
 - Moedersmelk is presies deur die liggaam geformuleer om elke voedingstof te bevat wat moontlik nodig kan wees.
 - Daar is nie ekstras of aanvullings nodig nie.
- Net so moet Dissipels dorstig smag na die suiwer melk van God se woorde om op te hou simpel wees en volwasse te raak in geloof.
 - Die ding wat ons as Dissipels van Jesus se verhoudings met mekaar gesond maak is nie om
 - met die ander te stoei en te stry asof als uitmekaar gaan val as ek die argument verloor nie.

- Die ding wat als uitmekaar gaan laat val is wanneer ek my nie meer vir die moeilike situasie gereed maak met my Leermeester se woord nie.
 - En as ons albei dit doen, dan raak die babatjies in ons volwasse.
- Kom op dieselfde geestelike bladsy, rondom dieselfde Woorde van dieselfde leermeester deur saam die melk te drink.
 - Saam as man en vrou te bid en lees en praat.
 - Saam as gesin dit doen.
 - Saam as Bybelstudiegroep / Kleingroep dit te doen
 - en saam as kerk dit doen.
 - Hoe pas Christene by mekaar in?
 - Onthou die saad,
 - drink die melk
 - en... gaan na die steen toe.

Gaan na die steen toe

"⁴Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. ⁵Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is"

- Sien jy die lyn wat Dissipels bymekaar kan hou?
 - Dieselfde saad en wedergeboorte as begin
 - Dieselfde melk vir groei
 - Dieselfde klip om rondom konstruktief te raak.

- Wat hier 'lewendende steen' genoem word,
 - word ook later 'hoekklip' genoem [2:6].

- Van al die klippe in 'n gebou was die hoeksteen van daardie tyd die belangrikste van 'n gebou.
 - Die hoeksteen was nie wat ons vandag ken
 - as 'n klip in 'n gebou waarop besonderhede van die gebou opgegrafeer word nie.
 - Dit was die klip wat heel eerste neergesit is en van daar af is al die klippe wat neergesit is met daardie hoeksteen opgely.
 - Die hoeksteen was perfek haaks (90°) en het gesorg dat
 - al die ander klippe uiteindelik haaks met mekaar is
 - sodat die gebou uiteindelik stewig, regop en nuttig sal wees.

- Jesus word hier beskryf as hierdie Hoeksteen vir Dissipels
 - waarheen elkeen in die gebou eers moet gaan om teenoor Hom opgely te word.
 - Nie tradisies of gewoontes of vergaderings of besluite of persoonlike voorkeure nie.
 - Jesus Christus gee die rigting en vorm aan vir die res van ons om in mekaar in te pas.
 - Ons kan eers by mekaar pas...as ons teenoor Hom opgely word.
 - Spanning en konflik ontstaan as ons by mekaar probeer pas
 - sonder om teenoor Hom opgely te wees!

- Daarom is die volgorde in vers 4 en 5 só:
 - Kom eers na Hom toe (v4)
 - – elkeen afsonderlik;

- net jy en die Here en lyn jousef op met Hom
 - – en laat jou dán as steen in die gebou inbou (v5).
- Het jy dit al regtig gedoen?
 - Na Hom toe gestap om jousef 'op te lign' met Jesus.
 - Ons lyn onself graag op vir 'n bevordering of vir 'n vry of vir geld
 - As die geleentheid reg is kan ons net spring
- Maar sy Dissipels is gemaak om eerste met Hom 'opgelign' te wees
 - En dan kan ons almal baie makliker by mekaar pas want ons werk van dieselfde hoek af
- Maar dis nie net om te keer dat ons mekaar se koppe afbyt nie
 - Ons volwasse gebou het werk in Vanderbijl
 - Ons verhouding met mekaar is uiteindelik 'n geestelik tuiste waar God woon
 - Ons is 'n tempel waar mense God kan ontmoet
 - Waar ons die rol het van priesters wat Jesus se offer met hulle kan deel – die evangelie
 - En hulle ophelp om van ons te kom deel word.
- So begin die hele proses weer vir hulle nes vir ons
 - Weergebore deur die saad van die Woord
 - Drinkend aan suiwer melk op pad na volwassenheid
 - Om ook op te lyn met die Hoeksteen,
 - en ook 'n ontmoetingspunt te wees vir Vanderbijl

Slot

- As volgeling van Jesus behoort jy nie maklik in Vanderbijlpark in te pas nie.
 - Maar wat mekaar betref, is ons bedoel om rondom Jesus en die evangelie te kan pas.

- Dis nie maklik nie want die ander mense is maar net so simpel as jy
 - Daarom is hierdie opdragte vir ons gegee om hiermee te help as ons met mekaar vassit.

 - Onthou die gelymakende saad van die evangelie wat vir almal in Trinitas nodig was, [1:23]
 - Drink die melk van die Woord saam [2:3]
 - Gaan na die steen toe en lyn jouself met Hom op[2:4]

- Hierdie is nie goeie raad nie.
- Dis goeie nuus en dis goeie opdragte, en dit vra keuses van ons elkeen
 - Waardeur ons hegter aan mekaar sal groei
 - En beter instrumente in ons gemeenskap word vir God om te gebruik.

- Ons het mos geproe dat Hy goed is!

Amen.

Griffel van Wyk
 Trinitas
 19 Junie 2016